



Internetkoste in Afrika:

'n Analise van Suid-Afrika

DATA




| SOLIDARITEIT

Inleiding

Bekostigbare en vinnige internettoegang is 'n sleutelfaktor vir ekonomiese groei en sosiale ontwikkeling. Volgens die Internasionale Telekommunikasie Unie (ITU) toon lande met laer internetkoste hoër ekonomiese groei, innovasie en produktiwiteit. In Afrika wissel internetkoste aansienlik, met sommige lande wie se burgers buitensporig hoë tariewe betaal terwyl ander lande meer mededingende pryse vir hulle burgers aanbied.

Suid-Afrika, een van die mees ontwikkelde ekonomieë op die kontinent beklee 'n middelmatige posisie, wat kommer wek oor digitale insluiting, tegnologiese vooruitgang en mededingendheid. Hierdie artikel ondersoek internetkoste in Afrika met spesifieke fokus op Suid-Afrika se regulatoriese raamwerk, swart ekonomiese bemagtiging (SEB), en die impak van internasionale verskaffers soos Starlink.



INTERNETTOEGANG


Agtergrond

Die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika (OKOSA) is die regulatoriese liggaam wat spektrum- en bedryfslesensies vir elektroniese kommunikasiedienste toeken. Twee soorte individuele lisensies is kern tot internet- en datadienste:

- IECNS-lisensie (Individual Electronic Communications Network Service): Laat operateurs toe om fisiese netwerk-infrastruktuur te bou en te bedryf.
- IECS-lisensie (Individual Electronic Communications Service): Maak dit moontlik om kommunikasiedienste aan verbruikers te verkoop.

Selfoonnetwerke, groot internetdiensverskaffers (ISP's) en infrastruktuurondernemings benodig beide hierdie lisensies, sowel as radiofrekwensie-spektrumlisensies vir draadlose dienste.

In 2022 is die regulasies verskerp om uitsluitlik op swart eienaarskap te fokus, wat druk op klein internetdiensverskaffers en transnasionale maatskappye plaas.



INTERNET- EN
DATADIENSTE

Lisensiebeleid en mededinging

Tydens die lisensie-omskakelingsproses ná die inwerkingtreding van die Wet op Elektroniese Kommunikasie (ECA) tussen 2007 en 2009, het regulatoriese onsekerheid ontstaan weens verskeie strukturele veranderinge. Die nuwe regulatoriese raamwerk het vereis dat alle bestaande lisensiehouers omgeskakel word na IECNS- en IECS-lisensies, gepaard met streng nuwe vereistes vir swart eienaarskap en 'n herwaardering van transformasie-profiel. Daarby moes die nasionale spektrumplan hersien word, wat die migrasie van bestaande frekwensiegebruikers ingesluit het. Hierdie veranderinge het wydverspreide onsekerheid geskep oor spektrumtoewysings, lisensievoorwaardes en regulatoriese nakoming – wat beleggersvertroue en stabiliteit in die sektor tydelik ondermyn het.

'n Sleutelomgelyk was die Altech Autopage v ICASA-saak (2008), waar die hof beslis het dat alle bestaande operateurs geregtig is op volwaardige lisensies. Die gevolg was 'n eensydige ITA (Invitation to Apply) waar meer as 500 nuwe lisensies uitgereik is – en sodoende mededinging aanvanklik 'n hupstoot gegee is.

Sedert 2010 het lisensietoekennings egter tot 'n stilstand gekom. Nuwe operateurs kan tans slegs toetree deur bestaande lisensies teen hoë pryse oor te neem – selfs staatsentiteite soos Broadband Infraco moes tweedehandse lisensies aankoop om te kan funksioneer. Hierdie stagnasie spruit uit verskeie faktore.

OKOSA se bevoegdheid om nuwe lisensies uit te reik, is afhanklik van beleidsrigtings wat deur die minister van kommunikasie en digitale tegnologieë uitgereik word. Dié rigtings bepaal die strategiese prioriteite van die sektor. Pogings om nuwe ITA's vir die hoë-aanvraag spektrum toe te ken, het in die verlede tot regsgeskille gelei, wat verdere inisiatief afgerem het.

Verder is die gebrek aan nuwe IECNS-lisensies deels 'n oorblyfsel van die ou beleid van “beheerde liberalisering”, wat bedoel was om die mark geleidelik oop te stel ná Telkom se monopolie. Aangesien hierdie beleid nie meer aktief toegepas word nie – en geen nuwe rigtings dit vervang het nie – het 'n regulatoriese vakuum ontstaan. Die gevolg is 'n markomgewing waarin toetrede afhang van duur lisensie-oordragte – 'n direkte belemmering vir mededinging en innovasie.

Hoewel OKOSA in 2021 aangekondig het dat dit die 30%-vereiste vir swart eienaarskap sou begin afdwing, is implementering voorlopig uitgestel ná sterk teenkanting. Hierdie uitstel het egter nie die onsekerheid verwyder nie – dit het dit verleng. Die afwesigheid van duidelikheid oor tydsberekening en toepassing ontmoedig beleggings en laat die sektor in afwagting.




Datakostes in Afrika

'n Oorsig van data-pryse toon groot variasie tussen lande. Die tabel hieronder bied 'n vergelyking van gemiddelde selfoondata-koste (1 GB) en Starlink-pryse:

Land	Internetdiensverskaffer-pryse (VS \$ per maand)	Gemiddelde koste per 1 GB selfoondata (VS \$)	Starlink-pryse (VS \$ per maand)	Geskatte Starlink-koste per 1 GB (VS \$) ¹
Zimbabwe	\$633,62	\$43,75	\$30,00	\$0,15
Eswatini	\$22,66	\$2,85	\$50,18	\$0,25
Rwanda	\$17,99	\$1,25	\$28,78	\$0,14
Benin	\$31,29	\$1,18	\$47,12	\$0,24
Suid-Afrika	\$39,99	\$1,18	\$30-\$50	\$0,15 - \$0,25
Botswana	\$27,05	\$1,10	\$28,54	\$0,14
Zambië	\$26,97	\$1,07	\$28,81	\$0,14
Kaap Verde	\$42,04	\$1,02	\$32,70	\$0,16
Mosambiek	\$54,75	\$0,88	\$46,95	\$0,23
Ghana	\$71,13	\$0,67	\$33,90	\$0,17
Madagaskar	\$10,39	\$0,49	\$28,73	\$0,14

Starlink se pryse is bereken op grond van 'n geskatte verbruik van 200 GB per maand. Die verskil in koste-effektiwiteit is duidelik.



Faktore wat Suid-Afrika se datakoste beïnvloed

Daar is verskeie faktore wat die koste van data in Suid-Afrika beïnvloed. Eerstens, beperkte telekommunikasie-infrastruktuur – stedelike gebiede het goed ontwikkelde vesel- en selfoonnetwerke, maar landelike streke het nie. Tweedens internetdiensverskaffers en selfoon-netwerkoperateurs word swaar belas, wat koste aan verbruikers oordra. Derdens, die mark word oorheers deur Vodacom, MTN, Telkom en Rain, wat prysmededinging beperk.

Vierdens, analoog TV-seine beset steeds sommige van die mees kostedoeltreffende frekwensies en verhoed internetdiensverskaffers om laer koste en dekking te bied. Laastens, hoë koste vir toegang tot ondersee-kabels verhoog verbruikerspryse en internetdiensverskaffers word gedwing om duur alternatiewe energiebronne te gebruik.

Die SEB-regulasies wat van internetdiensverskaffers vereis om aan streng eienaarskap- en regstellendeaksiebeleide te voldoen, verhoog koste en lei tot meer toetredingshindernisse vir nuwe ondernemings. Dit lei tot verminderde mededinging en hoër diensleweringkoste, aangesien buitelandse en kleiner internetdiensverskaffers sukkel om aan die vereistes te voldoen. Sterker mededinging tussen netwerkoperateurs en diensverskaffers sal lei tot laer datakoste en gelykheid vir verbruikers. Suid-Afrika se ervaring bevestig dit, want die monopolie-era, toe Telkom die enigste infrastruktuur verskaffer was, is gekenmerk deur baie hoë internetpryse.

Die Telkom v Mededingingskommissie-saak (2008) het regulatoriese misbruik onderstreep. In 2019 het die mededingingskommissie teen Vodacom en MTN se buitensporige pryse vir voorafbetaalde data ingegryp, wat gelei het tot 'n tariefverlaging van tot 50%. Hierdie gevalle beklemtoon dat mededingingsreg en transformasiebeleid mekaar moet aanvul – nie uitsluit

nie.

Starlink se invloed op Afrikalande: lesse vir Suid-Afrika

Starlink se toetrede tot Afrika-lande soos Nigerië, Botswana en Mosambiek was vinnig en relatief onbepaald. Suid-Afrika daarenteen vereis 30% swart eienaarskap – 'n voorwaarde wat Starlink nie kan nakom nie, weens globale beleid teen eksterne aandeelhouding. Botswana en Mosambiek het min perke op Starlink se toetrede geplaas, hulle ag die voordeel in konektiwiteit vir hul bevolking groter as die noodsaak om plaaslike aandele te verseker.

OKOSA vereis dat 'n maatskappy soos Starlink 30% plaaslike swart eienaarskap moet hê om die nodige IECNS- en IECS-lisensies te bekom. SpaceX het 'n filiaal in Suid-Afrika gestig en verskeie gesprekke gevoer, maar is terughoudend om 'n bykans gratis eienaarsaandeel aan plaaslike partye oor te dra. In openbare kommentaar het hulle gewaarsku dat so 'n benadering tot SEB 'n “beduidende struikelblok vir buitelandse belegging” inhou en dat dit Suid-Afrika duur te staan kan kom in terme van innovasie en groei.

Vergelykbare beleide soos Maleisië se “Bumiputra”-model toon dat regstellende aksie nie noodwendig lei tot gelykheid nie, en dikwels groei en belegging rem. Starlink voer aan dat alternatiewe bydraes – soos opleidingsinisiatiewe of gemeenskapsontwikkeling – oorweeg moet word.

Intussen is die werklike impak sigbaar: Suid-Afrikaanse verbruikers in afgeleë gebiede wat moontlik kon baat vind by Starlink se onbeperkte hoëspoed-dienste, betaal duur vir alternatiewe. Indien geen ooreenkoms bereik word nie, sal Suid-Afrika die enigste land in Suider-Afrika wees waar Starlink nie wettig beskikbaar is nie. Dit sal 'n tegnologiese agterstand veroorsaak en datakoste hoog hou. Sonder kompromie sal Suid-Afrika die enigste land in Suider-Afrika wees sonder Starlink-dekking.

Sou Starlink Suid-Afrika betree, sal:

- internetdiensverskaffers gedwing word om hulle pryse te verlaag;
- vinniger uitrol van vesel- en 5G sal volg; en

Voorstelle om internetkoste te verlaag en mededinging te verbeter

- afgeleë gebiede sal internettoegang kry waar geen vesel- of toringdekking haalbaar is nie.
- Hersien SEB-vereistes om alternatiewe bydraes moontlik te maak.
- Versnel die uitreiking van nuwe lisensies vir netwerk- en diensverskaffers.
- Sluit openbare privaat vennootskappe vir infrastruktuuruitbreiding.
- Spektrumvrystelling: Stel 700 MHz en 800 MHz vry vir breëbandgebruik.
- Verlaag invoerheffings op telekommunikasie-toerusting.
- Brei gratis openbare Wi-Fi uit in onderbediende gebiede.



INTERNETKOSTE

Gevolgtrekking

Suid-Afrika se regulatoriese hindernisse verhoog internetkoste en beperk digitale vooruitgang. Die streng eienaarskapsvereistes van SEB het bygedra tot die uitsluiting van potensiële verskaffers en investering, wat op sy beurt ontwikkeling, veral in die platteland kniehalter. Die sukses van Starlink in ander Afrikalande toon dat regulatoriese hervormings kan help om goedkoper en beter internetdienste te bring. Dit is belangrik dat die regering SEB-beleid aanpas om mededinging te verhoog en tegnologiese vooruitgang te ondersteun.

HINDERNISSE



Bronnelys:

<https://www.ensafrica.com/news/detail/5384/icasas-new-draft-regulations-could-introduce->

https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/202204/46211gen959.pdf

<https://www.saflii.org/za/cases/ZAGPHC/2008/268.html>

<https://restofworld.org/2025/starlink-cheaper-internet-africa/>

<https://www.visualcapitalist.com/visualized-starlink-vs-leading-internet-provider-prices-in-africa/>

<https://www.statista.com/statistics/1180939/average-price-for-mobile-data-in-africa/>

<https://www.saflii.org/za/cases/ZAGPHC/2008/188.html#:~:text=2,remedy%20consequent%20upon%20such%20adjudication>

<https://www.reuters.com/world/south-africa-rejects-musk-claim-starlink-cant-operate-there-because-hes-not-2025-03-07/>

<https://mybroadband.co.za/news/telecoms/580572-elon-musks-bee-roadblock.html#:~:text=SpaceX%20said%20Icasa%20could%20remove,with%20the%20ICT%20Sector%20Code>

<https://www.bbc.com/news/world-radio-and-tv-14629587>

